

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA GRAIN SA	DATUM 2018/06/25		DATUM 2018/06/22		+ - WEEK GELEDE 2018/06/18		+ - MAAND GELEDE 2018/05/28		+ - JAAR GELEDE 2017/06/26				
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data		
Brent (\$/b)	74.13	0.24 ↑	0.3%	73.89	↓	-2.9%	76.33	↓	-1.9%	75.60	↑	60.7%	46.12
US\$: ? ZAR	13.47	0.000	0.0%	13.47	↑	0.6%	13.39	↑	7.9%	12.48	↑	4.7%	12.86
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 894.45	25	1.3%	R 1 869.79	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 431.38	-175	-6.7%	R 2 606.34	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs. CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 427.22	47	1.1%	R 4 380.20	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs. CBOT Soy Jul + -12 : 00 the previous day								
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)													
Corn Jul '18	357.25	4.65 ↑	1.3%	352.60	↓	-1%	361.40	↓	-12%	406.00	↓	-10%	399.00
Wheat Jul '18	491.25	-35.35 ↓	-6.7%	526.60	↓	-2%	499.40	↓	-10%	543.00	↓	-6%	521.00
Soybean Jul '18	894.50	9.50 ↑	1.1%	885.00	↓	-1%	905.40	↓	-14%	1041.50	↓	-5%	941.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))													
SORGHUM Jul '18	3110.00	0	0.0%	3110.00	↑	0.0%	3110.00	↑	3.3%	3010.00	↑	15.2%	2700
WMAZ SPOT	2090.00	25	1.2%	2065.00	↑	2.2%	2045.00	↓	-2.2%	2138.00	↑	23.6%	1691
WMAZ Jul '18	2080.00	4	0.2%	2076.00	↑	1.4%	2052.00	↓	-3.4%	2153.00	↑	7.1%	1943
YMAZ SPOT	2175.00	7	0.3%	2168.00	↑	1.5%	2142.00	↓	-2.8%	2238.00	↑	19.9%	1814
YMAZ Jul '18	2185.00	2	0.1%	2183.00	↑	0.9%	2166.00	↓	-3.4%	2261.00	↑	6.7%	2047
SOY 50 SPOT	4330.00	-16	-0.4%	4346.00	↓	-0.6%	4355.00	↓	-3.4%	4483.00	↓	-3.8%	4502
SOY Jul '18	4348.00	-10	-0.2%	4358.00	↓	-1.0%	4391.00	↓	-4.3%	4543.00			NA
SUN SPOT	4675.00	27	0.6%	4648.00	↑	1.7%	4598.00	↑	2.4%	4567.00	↑	6.0%	4410
SUN Jul '18	4673.00	5	0.1%	4668.00	↑	1.1%	4623.00	↑	0.9%	4630.00			NA
WHEAT Spot	3965.00	-13	-0.3%	3978.00	↑	0.4%	3948.00	↑	3.7%	3822.00	↓	-4.3%	4144
WHEAT Jul '18	3987.00	-3	-0.1%	3990.00	↑	0.3%	3976.00	↑	3.1%	3867.00			NA
OLIESADE (US\$/ton)	2018/06/22	Bron: Oilworld			2018/06/15	2017/11/13	2016/12/12						
Soya-oil, Arg.	687	↑	0.3%	685	↓	-11%	769	↑	2%	676			
Soya-pell, Arg.	369	↓	-2.6%	379	↑	9%	339	↓	0%	368			
Soybean, Brazil	404	↓	-0.7%	407	↓	-1%	410	↓	-1%	410			
USA Runner 40/50	1360	↑	0.0%	1360	↓	-15%	1600	↑	5%	1300			
Sun-oil, Arg.	720	↑	0.0%	720	↓	-5%	755	↓	-10%	800			
Sun-oil, Black Sea	728	↓	-0.7%	733	↓	-3%	750	↓	-3%	750			
Sunseed,Black Sea	390	↑	0.0%	390	↓	-3%	400	↓	-5%	409			
Rapeseed, EU cif	401	↓	-1.0%	405	↓	-6%	425	↑	1%	399			
Palmk oil Mal, EU	825	↓	-2.4%	845	↓	-44%	1470	↓	-20%	1037			

### JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het verlede week onder druk gekom en het gedaal tot nuwe kontrak laagtepunte vir die seisoen. Die pryse het onder druk gekom weens die onsekerhede met die handelsooreenkomste tussen die VSA en Sjina wat weer opnuut opgevlam het verlede week. Die handelsverhoudinge is ook nie net besig om tussen die VSA en Sjina te versleg nie, maar ook tussen die VSA en die EU, Meksiko, Kanada en Indië wat ook belangrike handelsvennote. Die Amerikaanse produksietoestande is tans ook baie goed wat bydra tot die druk op die Amerikaanse sojaboonpryse. Die Suid Amerikaanse lande soos Brasilië en Argentinië trek nou voordeel uit die handelsdispute tussen die VSA en Sjina met die vraag na sojabone wat meer na hierdie bestemmings toe geskuif het en dus word daar nou hoër premies aangebied vir hierdie lande sojabone. Die totale uitvoere vanaf Brasilië en Argentinië maak nou ongeveer 90% van die Sjinese invoere uit. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. Die mark het die internasionale pryse redelik skerp nagevolg verlede week wat ook hoofsaaklik laer verhandel het vir die week.

**Sonneblomsaad:** In die Oekraïne en Rusland is die grondvog toestande steeds laag in groot gedeeltes van die sonneblomsaad produserende gebiede en dit plaas die produksieverwagtinge vir die seisoen onder druk. Daar is wel 'n verwagting dat die weer meer gunstig behoort te draai gedurende Julie en dus sal dit positief wees vir die opbrengsverwagtinge. Die wêreld sonneblomolie produksie het seisoenale afnames getoon gedurende Junie, maar sal na verwagting steeds die 2de grootste wees op rekord met die goeie produksie wat plaasgevind het in Rusland en Argentinië. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week meestal ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.

**Kanola:** In Duitsland is daar tans groot raapsaad voorrade beskikbaar wat gepaard gaan met stadige verwerking van die plaaslike voorrade. Dit het gelei tot 'n daling in die kanola en raapsaad invoere na Duitsland wat gedurende April 'n 4 maande laagtepunt bereik het. **Plaaslik:** Die meeste van die plaaslike kanola aanplantings is voltooi vir die seisoen en sommige gedeeltes van die Weskaap het reeds goeie reën gekry terwyl dit nog baie droog is in ander gedeeltes. Die voorlopige aanplantings van wintergrane word later hierdie week bekend gemaak in die NOK se skatting.

**Grondbone:** In die VSA is die grondboon aanplantings vir die seisoen amper voltooi met verlede week se produksievorderingsverslag wat aangetoon het dat 96% van die grondbone vir die seisoen reeds aangeplant is. Dit is goed in lyn met die 5 jaar gemiddelde tempo van 97% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die produksietoestande vir die seisoen word op 64% goed tot uitstekend geskat wat aansienlik swakker is as verlede seisoen se 78% goed tot uitstekend teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Plaaslik was dit 'n moeilike seisoen gewees vir die grondboon produksie met baie kwaliteitsprobleme wat voorgekom het hierdie seisoen.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: [luan@grainsa.co.za](mailto:luan@grainsa.co.za)